**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 1606/2005

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**MICHAEL THABO TOBELO**

---

**CORAM:** HATTINGH, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 9 FEBRUARIE 2006

---

[1] Die beskuldigde is op grond van sy pleit van skuldig tereg skuldig bevind aan handeldryf in 18,15 kilogram dagga ter oortreding van artikel 5(b) van Wet no. 140 van 1992. Hy is daarna gevonnis tot 'n boete van R2 000,00 of 18 maande gevangenisstraf asook 'n verdere 12 maande gevangenisstraf welke 12 maande gevangenisstraf opgeskort is vir 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie

skuldig bevind word aan ‘n oortreding van artikel 5(b) van Wet no. 140 van 1992 gepleeg het gedurende die opskortingstermyn nie.

[2] Die verhoorlanddros het vanweë die versagtende omstandighede in die saak vir die beskuldigde ‘n boete opgelê wat effens minder is dan wat normaalweg vir hierdie tipe oortreding opgelê word. Hiermee is geen fout te vind nie. Die beskuldigde is 54 jaar oud en het geen vorige veroordelings nie. Hy is getroud maar beide hy en sy eggenote is werkloos. Hy en sy eggenote het 5 skoolgaande kinders, twee waarvan so siek was dat hul ten tye van die verhoor in die hospitaal was. Die beskuldigde het gesê dat hy die misdryf gepleeg het omdat hy geld nodig gehad het om sy kinders te versorg en as gevolg van ‘n begrafnis wat gehou moes word. Die boete is nie betaal nie.

[3] In hierdie omstandighede is die alternatiewe gevangenisstraf van 18 maande buitensporig swaar en heeltemal buite verhouding tot die boetevonnis wat deur die omstandighede van die saak geregverdig is. Na my oordeel moet dit vervang word met 6 maande gevangenisstraf.

[4] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig maar word die opgelegde vonnis ter syde gestel en vervang met ‘n boete van R2 000,00 (tweeduisend rand) of 6 (ses) maande gevangenisstraf asook ‘n verdere 12 (twaalf) maande gevangenisstraf welke 12 (twaalf) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan ‘n oortreding van artikel 5(b) van Wet no. 140 van 1992 gepleeg gedurende die opskortingstermyn nie en moet hierdie vonnis geag word opgelê te gewees het op 1 Desember 2005.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.A. HATTINGH, R**

/em